# HOOFSTUK 8.

## SAMEVATTING EN EVALUERING.

In hierdie studie is gepoog om die standpunte en optrede van persone en instansies wat ten nouste gemoeid was met die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika vanaf 1919 tot en met 1926 te beskryf, te ontleed en te verklaar. Die tydperk is duidelik afgebaken en begin met die instelling van die mandaatstelsel tydens die Paryse Vredeskonferensie en die toekenning van Suidwes-Afrika aan die Unie van Suid-Afrika as 'n klas C-mandaat op 7 Mei 1919. Die toekenning van groter seggenskap in die administrasie van die gebied aan die Blanke Suidwesters deur die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet van 1925 en die daaropvolgende verkiesing van 25 Mei 1926, vorm 'n natuurlike afsluiting van die studie. Ná die verkiesing kon die Suidwesters 'n daadwerklike rol speel in die administrasie van die gebied deur middel van die Wetgewende Vergadering, die Uitvoerende Komitee en die Adviesraad.

Staatsleergeoriënteerde publikasies van persone soos byvoorbeeld P.S. Joubert, P.S. van der Merwe en J.W.F. Pretorius verskaf slegs 'n oorsigtelike beeld van die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika vanaf ongeveer 1915 tot 1960. Geeneen van die persone het die konstitusionele ontwikkeling tussen 1919 en 1926 indringend bespreek nie. Die persone het nie gebruik gemaak van die jongste beskikbare argivale materiaal nie. Hierdie oorspronklike argivale materiaal het my in staat gestel om die optrede en houding van die Blanke Suidwesters jeens die konstitusionele ontwikkeling vanuit 'n nuwe oogpunt te benader. Só byvoorbeeld word in geeneen van die publikasies melding gemaak van die suksesvolle verkiesingsooreenkoms wat vroeg in Mei 1925 tussen die Deutscher Bund en die Nasionale Party van Suidwes-Afrika gesluit is nie. Dié

ooreenkoms is nie formeel in die pers bekend gemaak nie, maar uit briefwisseling tussen F. Brenner, voorsitter van die Deutscher Bund, en F.J. Jooste, voorsitter van die Nasionale Party, kan 'n duidelike beeld van die aard van die ooreenkoms gevorm word. Aspekte soos die aandeel van die Suidwesters in die benoeming van Adviesraadslede, die rol van die Adviesraad ten opsigte van plaaslike bestuursake en die vertoë om groter selfbestuur, die unieke posisie van die Duitsers en die 1926-verkiesing word slegs oorsigtelik deur van der Merwe, Joubert en Pretorius in hul publikasies behandel.

Die Administrateur, as verteenwoordiger van die Unieregering in Suidwes-Afrika, het 'n unieke gesagsposisie beklee. Hy het finale seggenskap oor alle aangeleenthede gehad en kon die Adviesraad se voorstelle heeltemaal ignoreer. Hierdie outokratiese bestuursvorm het die Adviesraad reeds in 1921 daartoe aangespoor om vertoë tot die Unieregering te rig om 'n beter konstitusionele bedeling vir Suidwes-Afrika daar te stel. Die Blanke Suidwesters, ondersteun deur die plaaslike pers, het ook onomwonde hulle misnoeë oor dié toedrag van sake te kenne gegee.

Die Unieregering het van meet af aan sy taak as mandataris oor Suidwes-Afrika met toewyding aangepak. Die besoeke van hoogwaardigheidsbekleërs, soos goewerneur-generaal Buxton in Oktober 1919, die Eerste Ministers van die Unie van Suid-Afrika, generaal J.C. Smuts in September 1920 en J.B.M. Hertzog in Oktober en November 1924, is afdoende bewys van die groot belangstelling wat die Unieregering in Suidwes-Afrika geopenbaar het. Beide Buxton en Smuts het tot groot teleurstelling van die Duitsers beklemtoon dat die Unieregering Suidwes-Afrika as 'n integrale deel van die Unie beskou en dat die gebied nie aan Duitsland teruggegee sou word nie. Generaal Smuts het in sy Windhoekse toespraak van 16 September 1920

verteenwoordiging aan die Blanke Suidwesters in die Unieparlement beloof, sodra die tyd daarvoor ryp sou wees. Die Unieregering was vasbeslote om Suidwes-Afrika deur middel van wetgewing hegter aan die Unie te verbind. Die Adviesraadstelsel is in 1925 beëindig deur die toekenning van 'n eie Suidwes-Afrikaanse grondwet waarin voorsiening gemaak is vir 'n Wetgewende Vergadering, 'n Uitvoerende Komitee en 'n Adviesraad. Die Unieregering het nie onmiddellik aan die Blanke Suidwesters verteenwoordiging in die Unieparlement gegee nie, aangesien die Suidwesters, veral die Duitse seksie, geleidelik daarop voorberei moes word.

Dit is opvallend dat die Unieregering eers die Blanke Suidwesters se ingesteldheid jeens belangrike sake getoets het, voordat dit geïmplementeer is. So byvoorbeeld het die Administrateur eers die houding van die Duitsers jeens die outomatiese naturalisasiebeginsel getoets en na suksesvolle onderhandelinge met die Duitse regering het generaal Smuts 'n deputasie van Duitssprekende Suidwesters in Januarie 1924 in Kaapstad ontmoet en hulle oorreed om hulle mede-Duitsers te beïnvloed om die outomatiese naturalisasie tot Unieburgerskap te aanvaar. Dié optrede van generaal Smuts het positiewe vrugte afgewerp, aangesien die oorgrote meerderheid Duitsers outomatiese naturalisasie aanvaar het. Generaal J.B.M. Hertzog het die gebied vóór die toekenning van 'n konstitusie aan Suidwes-Afrika, besoek om die Suidwesters se gesindheid in dié verband te toets. Daarna het hy ook nog die moeite gedoen om 'n deputasie, verteenwoordigend van die Duitse en Unieseksies in April 1925 te ontmoet, alvorens die nuwe Suidwes-Afrikaanse grondwet gefinaliseer is.

Die instelling van die Adviesraad op 3 Januarie 1921, alhoewel 'n liggaam met suiwer adviserende bevoegdhede, was die eerste belangrike stap op die pad na 'n beter konstitusionele

bedeling vir Suidwes-Afrika. Die Adviesraad het, ten spyte van heelwat plaaslike kritiek, 'n kardinale rol gespeel in die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika. Herhaaldelike versoeke van dié liggaam aan die Unieregering om groter selfbestuur vir Suidwes-Afrika is uiteindelik met sukses bekroon deur die toekenning van 'n grondwet in 1925. Die Adviesraadsresolusie van Desember 1924, bestaande uit 29 artikels waarin onder andere die instelling van 'n Wetgewende Raad bepleit is, het byvoorbeeld as grondslag gedien vir die 1925-konstitusie. Die Adviesraad het homself ook ten opsigte van plaaslike bestuursake onderskei en hulle het die Administrateur doeltreffend oor 'n wye spektrum van sake geadviseer. Die posisie van die boer en die Nie-Blankes, die landsekonomie, die ontwikkeling van spoorweë en hawens, asook onderwysaangeleenthede was sake wat dikwels tydens Adviesraadsvergaderings bespreek is. Die Adviesraad het die Administrateur ook dikwels na die Unie vergesel om samesprekings met die Unieregering te voer oor Suidwes-Afrikaanse vraagstukke. Die Adviesraad het as genomineerde tussentydse regeringsliggaam aan sy doel beantwoord en die weg gebaan vir 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suidwes-Afrika.

Die Unieregering het die Duitse burgerskapkwessie simpatiek dog ferm gehanteer en die Duitsers is geleidelik voorberei om Unieburgerskap te aanvaar. Die Duitsers met hulle besondere kultuur en vurige patriotisme het 'n hewige innerlike stryd gevoer oor dié aangeleentheid. Die Eerste Minister van die Unie, generaal Smuts, het gevolglik die outomatiese naturalisasiebeginsel aanvaar, waarvolgens die Duitsers tot Unieburgers verklaar sou word met die reg aan individue om amptelik daarteen beswaar aan te teken. Ná suksesvolle onderhandelinge met die Volkebond en die Duitse regering, wat albei die outomatiese naturalisasiebeginsel aanvaar het, het generaal Smuts 'n Duitse

deputasie in Januarie 1924 te Kaapstad ontmoet. Dié samesprekings is ook met sukses bekroon en die deputasielede het onderneem om hulle mede-Duitsers te oorreed om outomatiese naturalisasie te aanvaar. Uiteindelik het 92,5% Duitsers Unieburgers geword en kon die Unieregering groter selfbestuur toeken aan die Suidwesters.

Die verhouding tussen die Duitse en Unieseksie was van meet af aan gespanne. Die Duitsers was ten gunste van die behoud van die mandaat, die toekenning van selfbestuur aan Suidwes-Afrika en hulle het die hoop gekoester dat Suidwes-Afrika spoedig aan Duitsland teruggegee sou word. Daarenteen het die Unieseksie hulle beywer vir die opheffing van die mandaat en nouer aansluiting van die gebied by die Unie van Suid-Afrika. Die propagering van versoening in die plaaslike pers en die totstandkoming van die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie en die Konstitusionele Party, wat hulle beywer het vir die versoening van die onderskeie seksies, het in 'n mate die wedersydse wantroue verminder.

Die inherente vrees dat die een groep sou oorheers, het onder andere as stimulus gedien vir die totstandkoming van politieke partye. Só byvoorbeeld het die Unieparty, wat in Julie 1924 gestig is, lede van die Unieseksie versoek om mee te help met die stigting van partytakke in die hele Suidwes-Afrika, sodat hulle die Duitse seksie deeglik tydens die 1926-verkiesing kon opponeer. Die Unieseksie is verder verdeel deur die totstandkoming van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika op 26 Julie 1924. Die Duitsers het bedreig gevoel as gevolg van die politieke bedrywighede van die Unieseksie en het op 3 September 1924 die Deutscher Bund in die lewe geroep, wat deur die oorgrote meerderheid Duitsers ondersteun is.

Die Suidwesparty en die Nasionale Party het albei gestreef na die opheffing van die mandaat en nouer aansluiting by die Unie van Suid-Afrika. Dit was gevolglik nie 'n verrassing toe die eerste verkiesingsooreenkoms tussen dié twee partye gesluit is nie. Die ooreenkoms het egter in so 'n mate misluk dat die twee partyleiers opposisiekandidate in die kiesafdeling Gobabis was. Die Nasionale Party en die Deutscher Bund het, nadat eersgenoemde onderneem het om die kwessies romdom die opheffing van die mandaat en nouer aansluiting by die Unie voorlopig links te laat, vroeg in Mei 1926 'n suksesvolle verkiesingsooreenkoms gesluit. Kort ná die verkiesing het verteenwoordigers van die Unieseksie egter byeengekom en hul partye gekonsolideer in die Verenigde Nasionale Suidwesparty.

Dit is opvallend dat hierdie tydperk gekenmerk is deur 'n tekort aan dinamiese leiersfigure. Geeneen het in die tydperk sterk op die voorgrond getree om byvoorbeeld daadwerklike pogings aan te wend om die Duitse en Unieseksie met mekaar te versoen nie. Geeneen van die leiers, soos F. Brenner, F.J. Jooste, B.J. Smit en kolonel M.J. de Jager was vir albei seksies aanvaarbaar nie.

Die 1925-konstitusie was 'n groot verbetering op die ou Adviesraadstelsel, maar dit het heelwat beperkinge gehad. Die Unieregering het uit hoofde van sy posisie as mandataris steeds die hoogste wetgewende gesag behou. In dié proses het die Unieregering heelwat sake gereserveer, sodat die bevoegdhede van die Suidwesters ten opsigte van selfbestuur heelwat ingekort was. Die Unieregering het egter onderneem om indien die Suidwesters bewys kon lewer van hulle bevoegdheid om die gebied doeltreffend te bestuur en, indien die Duitse en Unieseksie in harmonie kon saamwerk, sy tydelike gereserveerde bevoegdhede aan die Wetgewende Vergadering oor te dra.

Die Suidwesters se ideaal van staatkundige stabiliteit in Suidwes-Afrika is nie gou verwesenlik nie. Vandag, byna ses dekades later, duur die soeke na 'n oplossing nog voort. Die bevolking is steeds verdeeld in hul strewe na stabiliteit en die uiteindelike bestemming van die land op staatkundige gebied is steeds onbekend.